# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Verloor die geveg maar verkry die oorwinning

**Skriflesing:**
Gen 32:1-32

**Teksvers**:
Gen 32:28

**Sing**:
Ps 68-1:1,12
Ps 135-1:1,2
Lied 241:1
Sb 16-1:1,2,3
Sb 11-2:1,2
Ps 46-1:4,6
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Soms is dit so dat al wen jy die oorlog of die geveg het jy nie die oorwinning behaal nie. Die vraag is egter, hoekom veg jy? Is dit nodig om in stryd te gaan, om oorlog te maak, om met iemand te veg?

Jakob, een van die drie aartsvaders, Abraham, Isak en Jakob, was 'n regte bedrieër. Sy lewe lank het hy planne gemaak om te oorleef en dit ondanks die feit dat die Here self aan hom verskyn het (Gen 28:13,16) en hom bemoedig het. Jakob stoei met God en wil Hom nie laat gaan voordat Hy hom seën nie.

- Die rede vir die stoeigeveg
- Die verloop van die stoeigeveg
- Die uiteinde van die stoeigeveg

**SONDAGAAND 18:00**

## Help my Here, om my eie wil te versaak

**Skriflesing:**
Gen 25:19-34; 27:1-40;
Rom 9:10-13; Heb 11:20

**Teksvers**:
Genesis 27:37b (Heb 11:20)

**HK** Sondag 49

**Sing**:

Ps 84:1,2,5
Ps 40:4
Ps 131:1,2,3
Ps 138:1,4
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Om ons te laat buig in aanvaarding van sy wil, laat God ons baie keer presies die dinge beleef wat onsself regtig nie graag wil nie. Dit maak egter ons oë oop vir sy wil. Dan moet ons alte dikwels net ons eie wil versaak (opgee).

Die toekoms is immers in sy Vaderhande - as dit nie so was nie sou ons 'n hopelose en selfs wanhopige spul mensies gewees het. Terwyl ons ons eie planne beraam, is dit dit van die uiterste belang dat ons God vra om ons te help om ons ten volle aan sy wil in oorgawe en absolute gehoorsaamheid te onderwerp.

Dis regtig nie so maklik om dit opreg en eerlik te bid nie!




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 48 Nr 05 12 Februarie 2023**


## Terugrapportering oor die Sinode 2023 Diakonale sake-SDDS

Op die Sinode is daar meer as tweehonderd en vyftig sake ter tafel geneem en bespreek. Sommige sake kon vinnig en deeglik afgehandel word en ander sake het baie tyd geneem omdat daar bespreking, besinning en deeglike navorsing gedoen moes word voordat daar tot besluite gekom kon word.

Ons poog om die volgende paar Sondae terugvoer te gee oor van die belangrikste sake wat bespreek is.

Die eerste saak waaroor ons wil terugvoer gee, handel oor Diakonale sake. Die naam daarvoor is die SDDS wat staan vir die Sinodale Deputate vir Diakonale sake. Die deputate hou toesig oor die volgende sake:

- Paul Kruger kindershuis in Pretoria.
- Paul Kruger kinderhuis in Reddersburg.
- Glenzicht aftreeoord in Oakdene Johannesburg.
- Noodtoestande.
- Bystandsfonds volgens Kerkorde art 25.

Hierdie deputate werk baie hard om toesig te hou, raad te gee en te help om die kinderhuise so te bestuur dat die kinders 'n veilige tuiste het en in die vrese van die Here te mag opgroei. Elke kinderhuis het plek vir ongeveer drie-en-sestig kinders. Glenzicht aftree-oord was ontwikkel op die terrein van die destydse kinderhuis in Johannesburg wat al jare gelede gesluit het. Uit diè opbrengste word die kinderhuise ook onder andere gesubsidieer. Verder help die deputate ook as daar nood in die land is soos droogtes of vloede of rampe. Die hulp gaan ook verder na broers en susters in die buiteland.

Hierdie deputate werk ook nou saam met al die diakonieë in die land, ook met die diakonie van Centurion, om te help waar daar nood is, om ander diakonieë in nood by te staan en om konferensies te reël vir die nodige toerusting en opleiding van diakonieë. Hier in Pretoria is ons diakonie ook baie betrokke met leiding om met ander diakonieë te skakel vir gekoördineerde hulp in die stad, nie net aan die kinderhuise nie, maar ook aan ander inrigtings waar daar nood is.

Ons het met groot dankbaarheid kennis geneem van hierdie kosbare werk wat gedoen word en ons vra ook dat u as gemeente altyd voorbidding sal doen vir ons diakonie, maar ook vir hierdie deputate se werk.

Ds. Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Gereformeerde Kerk Centurion — Groei na Christus

Dien die Here met blydskap

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 4 Ps 81:1,12 Volgende week: Les 5 Ps 81:1,12

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Dankbaarheidsfonds

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Sustentasiefonds

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| Kerk se bankbesonderhede: | Inbetalings vir die Diakonie: | Inbetalings vir die Susters: |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin

**14 Feb om 18:00** in die konsistorie

Bevestig asb met ds Gerrit 082 964 5595/ Kerkkantoor 012 664 2614

## EVANGELISASIEKOMMISSIE

Die EVK benodig asb die volgende in verband met die stigting van 'n Crossroads Prison Ministries (CPM) kantoor op die GKC kerkterrein:

- 'n persoon wat op 'n vrywillige basis kan help met die administrasie van lesse. Dit behels die ontvangs en uitdeling van lesse sowel as invoer van data (gevangenes se data) op 'n databasis. Dit sal hier op die kerkterrein wees.
- Twee staal sluitkaste vir die berg van die lesse en skryfbehoeftes.
- Tweedehandse skootrekenaar in goeie werkende toestand vir die administrasie van CPM lesse.
- Persone wat lesse en briewe kan nagaan van die mentors vir ekstra insette en ondersteuning.

Kontak asb vir Marlou van den Berg by 082 412 4313 vir meer inligting

## Bybelskool van Centurion 2023

**bied aan**

Hoe kan gelowiges voorkom dat hulle in hul geloofentoesiasme en geloofsekerheid ondermyn word?

Elke **Dinsdagaand om 19:00**

Aanbieder: Dr Douw Breed

**Almal welkom**

## Geestelike Opbou

**26 Feb 2023** na die aanddiens

Prof Herrie van Rooy kom gesels oor:

**Bybelvertaling: waarom en hoe?**

Dit is verbasend hoeveel Bybelvertalings beskikbaar is. In Afrikaans is daar drie wat deur die Bybelgenootskap uitgegee is, met nog ander van gewone uitgewers. Kan 'n mens vertalings vertrou? Op grond waarvan moet 'n mens 'n vertaling beoordeel? Hierdie gesprek hanteer hierdie sake, met toespitsing op die 2020-vertaling.

## Algemene Sinode keur 2020-vertaling goed

Die Algemene Sinode van die GKSA het besluit dat die Bybelteks van die 2020-vertaling van die Afrikaanse Bybel geskik is vir voorlesing en gebruik in die eredienste, asook vir kategese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.

Die Sinode spreek ook hul dank en gelukwensing aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika uit met die publikasie van hierdie vertaling.

## GKSA Teologiese Opleiding

Die GKSA het op Sinode 2018 verskeie opdragte aan die Kuratore insake teologiese opleiding gegee, onder andere om voort te gaan met onderhandelinge met die NWU oor die opleiding van studente van die GKSA in die teologie.

Hierdie opdrag het gevolg nadat verskeie regulatoriese- en wetswysigings meegebring het dat die NWU 'n nuwe ooreenkoms daar wou stel. Die kuratore het verskeie konsepte aan die NWU voorgehou maar daar kon nie tot 'n vergelyk gekom word nie.

Die nuwe ooreenkoms waarop die NWU wou skik sou o.a. inhou dat die inhoud van die leerplan vir teologiese opleiding geheel in die hande van die NWU sal val. Verder sal die teologiese professore se tyd aan die NWU behoort en slegs met vergunning by die GKSA aangewend kan word. Teologiese studente sal ook nie noodwendig onderrig ontvang deur Gereformeerde professore of dosente nie aangesien die GKSA geen inspraak sou hê in die aanstelling van professore soos ooreengekom in die huidige ooreenkoms nie.

Hierdie voorwaardes is na die oordeel van die Sinode nie in lyn met die Skriftuurlike benadering tot teologiese opleiding wat die opleiding van die GKSA se predikante ten grondslag lê nie.

Die NWU het ook skriftelik kennis gegee dat indien die GKSA nie die nuwe ooreenkoms staande die pas afgelope sinode 2023 onderteken nie, is die NWU van voorneme om die bestaande ooreenkoms van 2006 op te sê. Die GKSA het besluit om nie die voorgestelde ooreenkoms te onderteken nie en het kennis geneem van die NWU se voorneme.

Praktiese gevolge van hierdie besluit is dat die bestaande ooreenkoms met die NWU oor 3 jaar tot 'n einde sal kom en dat daar dan alternatiewe wyse van opleiding in plek moet wees.

Vir hierdie doel het die GKSA besluit om 'n privaat hoër onderwys instelling op te rig en volgens wetgewing te registreer waar studente in die toekoms geakkrediteerde teologiese opleiding kan ontvang. Die naam van hierdie instelling is Die Gereformeerde Teologiese Akademie. Die Sinode het die vertroue uitgespreek dat soos dit sowat 150 jaar gelede was toe die Teologiese Skool te Burgersdorp gestig is, die seënende Hand van die Here ook oor hierdie werk sal wees.

## Groot besluite oor kerklike tydskrifte geneem

Die Kerkblad se drukuitgawe word gestaak na April 2023. Die laaste drukuitgawe sal saam met die 150-jarige herdenking van die Kerkblad val, waarna dit alleenlik in elektroniese formaat sal voortbestaan. Hierdie is van die grootste besluite wat die Algemene Sinode van die GKSA geneem het ten opsigte van die kerklike tydskrifte. Hierdie stappe word genoodsaak as gevolg van stygende kostes, veral ten opsigte van drukwerk, en die dalende fondse beskikbaar om 'n drukformaat-tydskrif uit te gee.

Die sukses van die elektroniese weergawe van die Kruispad-tydskrif skep hoop dat die Kerkblad ook 'n goeie opbloei in leserstal sal ervaar.

Waardering is uitgespreek vir die wyse waarop professor Callie Coetzee sy taak as redakteur van die Kerkblad uitgevoer het, en hy sal ook skriftelik bedank word.



# Verjaarsdae

### Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12-Feb | Marius | de Beer | B03 | 27845479575 |
| | Dries | Louw | A10 | 27818527531 |
| | Candice | v Niekerk | E01 | 27827797838 |
| 13-Feb | Elsa | Opperman | C01 | 27832686241 |
| | Ryno | vd Merwe | E01 | 27828507861 |
| 14-Feb | Elna | de Bruin | A02 | 27836642050 |
| 15-Feb | Anton | Fourie | C05 | 27828379575 |
| | Anita | Snyman | B10 | 27723455880 |
| | Daniël | Swanepoel | C13 | 27832307436 |
| | Christa | Trichard | A03 | 27832605185 |
| | Riaan | Wattel | B17 | 27825292969 |
| 16-Feb | Mossie | Buys | A17 | 27793731513 |
| | Ineke | de Klerk | A06 | 27828087700 |
| | Gerrit | Deist | B15 | 27832574306 |
| | Werner | vd Walt | A05 | 27823086238 |
| 17-Feb | Wilna | Algera | B06 | 27721340327 |
| | Craig | v Aswegen | B18 | 27829212718 |
| 18-Feb | Linda | de Lange | C05 | 27791735813 |
| | Philip | Henning | A10 | 27723117687 |
| | Werner | Pretsch | C14 | 27837906082 |
| | Chris | vd Walt | C15 | 27849045502 |
| | Louisa | vd Walt | C12 | 27825760692 |

### Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13-Feb | Carla | van Brakel | E01 | 27827876497 |
| 15-Feb | Carla | Venter | C06 | 27829401555 |
| 16-Feb | Talia | Grimsehl | C09 | 27732595552 |
| 17-Feb | Philip | Maré | C15 | 27792587040 |

# Ons gee om vir Mekaar

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Isabel Pretorius sterk aan na 'n operasie in Unitas Hospitaal ( B12—084 206 5083).

Meelewing word betuig met:

- Familie en vriende van Marietjie Smit wie gedurende die week oorlede en begrawe is.
- Pieter en Suzette Momberg en familie na die afsterwe van Suzette se moeder.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Geluk

♥ Hans en Lucia met die doop vanoggend van Hans Stronkhorst.

"Hy beskut jou onder sy vleuels en is vir jou 'n veilige skuilplek."

Ps 91:4

## Alethea Outreach 11:00

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Boekhouer en Belasting Konsultant.** Algemene boekhouding en finansiële state, kontantvloei en likwiditeitsontledings, inkomste belasting en BTW opgawes vir Besighede, Individue en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/ hennievr.tax@gmail.com

Kan ek toesien tot die registrasie van u huis-oordrag? Die Agent het sy prokureur. Die Koper het sy prokureur. Stel u eie **oordragprokureur** aan. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Mobiele Haarkappster**. Is dit moeilik om by 'n Haarsalon uit te kom? Ek kom na jou toe: was, sny, kleur, Centurion-omgewing. Lindie Venter 076 241 2967.

**Kombuisontwerp**-, vervaardiging- en installasie van kombuis- en ingeboude kaste. Sertifisering van nuwe en bestaande gasinstallasies met sertifikaat. Algemene onderhoud, verf-, teëlwerk en kantooruitleg. Werner vd Walt 082 308 6238 werner@bwinteriors.co.za

Vakante poste op kennisgewingbord: **Aros** (Assessor vir praktiese onderwys); **Resedentia** (Versorgingsdiensbestuurder) en **Regio** (Grond-slagfase).

**Meenthuis te huur**, Eldoraigne. 2 Sk, 1 bk, 1 toesluit motorhuis en oop parkeer area. R8000 per maand, elektrisiteit uitgesluit. Navrae Aneli 072 238 3616.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig**? Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena Kruger 072 974 2728.

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 18:00 vir 18:30

\- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Woensdae om 19:00

\- - - -






## GKA Tentjie-aand

**Vrydag, 17 Feb om 18:00**

Bring en Braai

Ons begin met aktiwiteite vir die kinders vanaf 18:00 en beplan om saam te eet sodra ons klaar is.

Enige persone wat wil oorslaap of braai kan hulle name opgee by

**de Wet Burger 083 216 2876**



## Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**12 Feb**

| | |
|---|---|
| Magda Pelser | Blok A |
| Louise van Niekerk | Blok B |
| Zanie Kruger | Blok C |

**19 Feb**

| | |
|---|---|
| Hester vd Merwe | Blok B |
| Wilmarie Rheeders | Blok B |
| Simone du Plessis | Blok C |



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.




**Gee jou naam op by Rika Kruger onder die Olyfboom**